justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (8/15)

*Justin Chadwick (13 Maart 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "A lot of legends, a lot of people, have come before me. But this is my time." Usain Bolt***

## DIE KAAPSTAD FIETSTOER

Geluk aan Marc Solomon en Malan Smith (Freshgro) wat die toer voltooi het – en beide het persoonlike beste tye behaal. Dalk het dit iets te doen gehad met die roete wat verkort is!!! Kan nie glo dat dit al van die sitrusfamilie is wat deelgeneem het nie – laat my weet hoe jy gevaar het.

## PRODUSENTE BESLUIT OM SITRUSUITVOERE NA SPANJE OP TE SKORT

Van die voorste sitrusprodusente het tydens die eerste Sitrus Summit in Phalaborwa op Woensdag en Donderdag hierdie week vergader. Natuurlik is die huidige probleme met bemarking van sitrus in die EU bespreek. Produsente het terugvoering oor die risiko bestuursstelsel ontvang, asook oor die voortgesette CBS navorsing. Terwyl Suid-Afrika 'n omvattende en robuuste CBS risiko bestuurstelsel het, is dit ook belangrik dat die bepaling van "Non-compliance" in die EU korrek uitgevoer word. Gedurende 2014 is 'n Suid-Afrikaanse kundige toegang tot fasiliteite geweier waar CBS toetsing in Spanje uitgevoer word; bykomend het die kennisgewings van Spanje ingesluit dat hul asimptomatiese vrugte geïnspekteer het. Die metodes en vermoëns van die Spaanse amptenare om CBS korrek te idenitifiseer is onbekend – duidelik 'n groot bron van kommer vir die Suid-Afrikaanse uitvoerders. As gevolg hiervan het die Summit afgevaardigdes besluit dat om sitrus na Spanje te stuur 'n risiko is tot tyd en wyl daar duidelikheid oor die toetsmetodes verkry is en die bevoedgheid om "non-compliance" te identifiseer verseker is. Die besluit om verskepings na Spanje op te skort is toe deur die CGA Raad bespreek wat besluit het dat dit tot voordeel van die Suid-Afrikaanse sitrusprodusente sal wees om DAFF te versoek om nie fitosanitêre sertifikate vir verskepings na Spanje uit te reik nie. Dit was nie 'n maklike besluit nie omdat Suid-Afrika graag alle kliënte van die vrugte wat hul verlang wil voorsien, maar in die belang van markbeskerming en om aan die EU se versoek om onderskeppings te verminder te voldoen, is dit die regte besluit.

## SITRUS LEGENDES

Die eerste Sitrus Summit is gesien as 'n geleentheid om erkenning te gee aan diegene wat bygedra het tot die volhoubaarheid en mededingendheid van suider-Afrika se sitrusbedryf – en so is die idee van die Sitrus Legendes gebore.

Die eerste drie sitrus legendes is deur die personeel van die CGA en sy affiliasies gekies. Die eerste vereiste is dat die kandidate nie 'n personeellid van enige van hierdie entiteite mag wees nie.

Die tweede vereiste is dat die persoon 'n leidende rol in die vorming en funksionering van die Vereniging en sy afffiliate moes gespeel het. In sy kort bestaan het die CGA in statuur gegroei en word as die voorste liggaam in die sitrusbedryf gesien, beide in suider-Afrika en internasionaal. Dit het nie net gebeur nie en die sitrus legende toekennings laat die bedryf toe om diegene te erken wat baie tyd, energie en entoesiasme opgeoffer het om dit te laat werk. Terwyl alle produsente die voordele van hul pogings geniet, is dit die paar wat die leiding geneem het en dit maak gebeur het.

Die derde vereiste van die Sitrus legende is om erkenning te gee aan diegene wat bygedra het tot die volhoubaarheid en mededingendheid van suider-Afrika se sitrusbedryf. Om die tweede grootste uitvoerder van sitrus in die wêreld te wees is geen geringe prestasie nie; en wanneer jy in ag neem dat die voorste uitvoerder 90% van hul produk na hul buurlande stuur dan is die prestasies van hierdie bedryf werklik merkwaardig. Weereens was dit die legendes van die bedryf wat die versiendheid gehad het om uitdagings en geleenthede te identifiseer – en om die bedryf te lei om hierdie uitdagings aan te spreek en die beste van die geleenthede te maak.

Dit is ook belangrik om te noem dat die sitrus legende nie noodwendig die grootste of die beste sitrusprodusent is nie; hul mag dalk nie eens produsente wees nie. Dit is ook nie 'n gewildsheidskompetisie nie - In die woorde van Winston Churchill "You have enemies. Good. That means you've stood up for something; some time in your life".

Die eerste drie Sitrus legendes is **Peter Nicholson, Hoppie Nel en Jock Danckwerts.**

**Weereens dankie aan die borge wat die eerste Sitrus Summit geborg het; STANDARD BANK** (Platinum Borg), **FPT GROEP** (Goue Borg), **TRANSNET** (silwer borg), **GRANOR PASSI en PPECB** (beide brons borge).

Welgedaan aan MC Pretorius wat 'n interessante velddag gereël het, Fanie Meyer vir die gholfdag en Gloria Weare wat alles bymekaar gebring het.

'n Groot dankie aan die 220 plus produsente wat na die Noorde opgetrek het – sonder jul sou die doel om 'n Summit en nie 'n Roadshow te hou, nie bereik kon word nie.